


Stel jy belang in ander se gesondheid en welstand?

Geneeskunde is dalk net die loopbaan vir jou



**Vind meer uit oor die
sesjarige MBChB-graad**

Skakel: 021 406 6634

Epos: fhs-ug-admiss@uct.ac.za

Suid-Afrika het meer dokters nodig. Maak 'n verskil aan die gesondheid van pasiënte en hul gemeenskappe. Geneeskunde bied 'n lonende en bevredigende loopbaan vir diegene wat in 'n veeleisende omgewing wil werk, deernis met ander het, oor sterk analitiese, etiese en mensvaardighede beskik, en in spanne kan saamwerk.

LOOPBAANOPSIES

Werk in 'n openbare of privaat hospitaal, in 'n gemeenskapskliniek, nywerhede, of sluit by 'n privaat kliniek aan. Studeer verder in een van die meer as 30 spesialiteite soos pediatrie, snykunde en onkologie. Ander loopbane sluit in werk in die gesondheidseconomie, sportbestuur, of kliniese of laboratorium-gebaseerde navorsing.




UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD



FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Wil jy mense help om hul fisiese funksionering te herwin?

Fisioterapie is dalk net die loopbaan vir jou



Vind meer uit oor die vierjarige BSc-graad in Fisioterapie

Skakel: 021 406 6634

Epos: fhs-ug-admiss@uct.ac.za

Jou studieveld is menslike beweging en oefening vir gesondheid en welsyn. Speel 'n rol om die lewensgehalte te verbeter van mense wat funksionele stremmings en/of deelnamebeperkings ervaar. Help om individue se funksionering en deelname te rehabiliteer en herstel. Bevorder die gesondheid van kliënte en gemeenskappe.

LOOPBAANOPSIES

Werk in hospitale, gesondheidsorgsentrums, skole, geriatriese sentrums, nywerhede, sportklubs en privaat praktyke. Werk in die akademie – voortgesette onderwys, onderrig binne die beroep en navorsing.




UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD



FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Stel jy belang om mense te help wat gehoorverwante probleme het?

Oudiologie is dalk net die loopbaan vir jou



Vind meer uit oor die vierjarige BSc-graad in Oudiologie

Skakel: 021 406 6634

Epos: fhs-ug-admiss@uct.ac.za

Die beroep behels die evaluering en bestuur van gehoor, gehoorverlies en oorverwante balanssteurings. Deur die bevordering van gesonde oor- en gehoorgewoontes, en die voorkoming of minimalisering van gestremdheid deur gehoorverlies en balanssteurings, sal jy: Gehoortoetse uitvoer; rehabilitasiedienste aan diegene met 'n gehoorverlies voorsien; konsultasies oor geraas-geïnduseerde gehoorverlies doen; gehoorbehoudsprogramme ontwikkel; mense met oorverwante balansprobleme bestuur; en as deskundige getuie in regsgedinge optree.

LOOPBAANOPSIES

As jy op uitdagings floreer en mense wil help om hul lewensgehalte te verbeter, kan jy by een van die beroepe aansluit wat as gevolg van tegnologiese vooruitgang die snelste groei.

Werk in kleuterskole, skole, spesiale skole, hospitale, rehabilitasiesentrums, gemeenskapsklinieke of privaat praktyke. Doen navorsing oor gehoor en die balansstelsel.



UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD



FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Wil jy mense met spraak-, taal, kommunikasie- en slukprobleme help?

Spraak-taal-patologie is dalk net die loopbaan vir jou



Vind meer uit oor die vierjarige BSc-graad in Spraak-taal-patologie

Skakel: 021 406 6634

Epos: fhs-ug-admiss@uct.ac.za

Hierdie beroep evalueer en bestuur spraak-, taal-, kommunikasie- en slukprobleme in volwassenes en kinders. Jy sal:

- hulp verleen aan mense met spraakproduksieprobleme, disleksie en taalprobleme, diegene wat hakkel, jong babas wat nie behoorlik kan eet of sluk nie, kinders wat met 'n gesplete lip/verhemelte gebore word
- hulp verleen aan volwassenes met belemmerde kommunikasie- of slukvermoë ná 'n beroerte of breinbesering
- alternatiewe kommunikasiestelsels vir individue wat nie kan praat nie, skep.

LOOPBAANOPSIES

Werk in kleuterskole, skole, spesiale skole, hospitale, rehabilitasiesentrums, gemeenskapsklinieke of privaat praktyke.



UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD



FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN

Geniet jy dit om mense te help om hulself te bemagtig?

Arbeidsterapie is dalk net die loopbaan vir jou



Dis die beroep wat mense help om praktiese lewensprobleme te oorkom wat die gevolg van siekte, disfunksie, gestremdheid of samelewingstoestande is.

As deel van die gesondheidsorgspan werk jy met mense wat 'n reeks gesondheids- en maatskaplike uitdagings ervaar, en help hulle om by praktiese daaglikse lewensituasies aan te pas.

Arbeidsterapie is 'n beroep wat verskeie praktiseringsdomeine insluit – geestesgesondheid, fisiese gesondheid, kinderleerontwikkeling en spel, werkpraktyk en gemeenskapsontwikkelingpraktyk.

Die klem is daarop om mense in staat te stel om hul lewensgehalte te verbeter.

LOOPBAANOPSIES

Jy kan tot alle vlakke van gesondheidsorg en gemeenskapontwikkeling bydra. Arbeidsterapeute werk met individue, groepe en gemeenskappe, in verskeie omgewings soos hospitale, klinieke, arbeidsorganisasies, nywerhede, skole, privaat praktyke en nie-regeringsorganisasies.



Vind meer uit oor die vierjarige BSc-graad in Arbeidsterapie

Skakel: 021 406 6634

Epos: fhs-ug-admiss@uct.ac.za



UNIVERSITY OF CAPE TOWN
IYUNIVESITHI YASEKAPA • UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD



FACULTY OF HEALTH SCIENCES
UNIVERSITY OF CAPE TOWN